



## COVID-19 - KENNISGEWING 3

04 Mei 2020

*Jesaja 54:2-3 Maak groter die plek vir jou tent, maak breër jou tentdoeke, moenie suinig daarmee werk nie. Maak langer die tentlyne en slaan die tentpenne dieper in, want jy sal na alle kante toe uitbrei;*

*Eksodus 25:8 "Julle moet vir My 'n heiligdom (tent van ontmoeting) oprig dat Ek tussen julle kan woon."*

Liewe Vriende

Ons is reeds in die sesde week van inperking, en steeds is die einde nie in sig nie. Ons hoop van harte dat Fase 4 darem verligting van die inperkingsmaatreëls vir jou meebring. Wees maar gehoorsaam en bly veilig!

Die verdere maatreëls wat President Ramaphosa aangekondig het, bring mee dat ons as gemeente steeds nie in die kerkgebou bymekaar mag kom nie. Ons het reeds laat blyk dat dit ook vir ons 'n nuwe terrein is en groot uitdagings teweeg bring.

Ons wil egter steeds vir julle verseker dat ons die bediening(e) na die beste van ons vermoë sal inrig om julle geestelik so effektief as moontlik te versorg. Neem vrymoedigheid om ons te kontak indien nodig.

Die praktiese reëlings soos vroeër aan jou gekommunikeer bly onveranderd, en sal so bly tot verdere kennisgewing vanaf owerheidsweë.

Wat ons bediening aan die gemeente betref, kon ons intussen 'n virtuele "Tent van Ontmoeting" daarstel. Die idee is dat ons, soos die Israeliete van ouds, nou in 'n woestyntyd verkeer en dus 'n ander "ontmoetingsplek" vir die gemeenskap van die gelowiges moes opslaan. Binne hierdie tent wil ons so veel as moontlik aktiwiteite en bedieninge akkommodeer. Dit noodsaak ons ook om na nuwe moontlikhede wat die elektroniese media ons bied, te kyk. Hoe lyk dit binne ons Tent van Ontmoeting?

### SONDAG

#### 1. Jou Sondag erediensbelewenis bestaan uit:

- a. 'n Boodskap wat deur 'n predikante opgeneem is.
- b. Interaktiewe liturgie.
- c. Skakel vir die preek - - <https://www.nglarochelle.co.za/eredienste/>
- d. Klankgreep van diens - - <https://www.nglarochelle.co.za/eredienste/>
- e. Dokument met die verbatim teks van die preek.
- f. Huisgeloof wat julle as gesin in die week kan doen.
- g. Gebedsriglyne vir Sondag.
- h. Aankondiginge en enige ander belangrike inligting wat gedeel moet word.

## PINKSTER

Ons wil graag die goeie nuus met jou deel dat ons wel DV Pinkster 2020 sal beleef. Gegewe ons uitdagings met opnames, redigering daarvan en lidmate se data vereistes, sal ons slegs vyf Pinksterdienste aanbied wat versprei word oor die tydperk 21-31 Mei. Die formaat sal dieselfde wees as die huidige eredienste - ons hoop egter om die kerkgebou daarvoor te gebruik. Meer besonderhede later.

## GEDURENDE DIE WEEK

1. Ons poog om alle kennisgewings en bedieningsaangeleenthede deur middel van die gemeente se Whatsappnommer (0608917851), Facebook  @La Rochelle Gemeente,  Instagram larochellegemeente, weeklikse e-pos en ons webtuiste <https://www.nglarochelle.co.za> te kommunikeer.
2. Ons het ook 'n gemeente Whatsappgroep gevestig. Die gemeente is uitgenooi om te reageer indien hulle hierdie boodskappe wil ontvang.
  - a. Ds Jana behartig die kommunikasie vanaf hierdie Whatsappgroep. Jy kan slegs boodskappe ontvang en nie op die groep kommunikeer nie. Jy kan egter ook slegs met ds Jana kommunikeer wanneer jy 'n boodskap na hierdie nommer stuur. Dit verseker pastorale vertroulikheid. Sy kanaliseer dit dan dienooreenkomstig na die verskillende predikante.
3. Hierdie Whatsappgroep skep 'n virtuele ruimte vir pastoraat, navrae, noodsaaklike inligting en samesyn. Kontak ons via hierdie platform of stuur 'n persoonlike boodskap aan die predikant wie jy wil kontak.
4. Gedurende die week ontvang jy: 'n gebedskalender, geloofsgewoontes en 'n Bybelstudie.
5. Indien jy nog nie deel van hierdie groep is nie, volg gerus die volgende stappe:
  - a. Stoor die volgende nommer in jou selfoon se "contacts" as La Rochelle Gemeente: 0608917851.
  - b. Maak jou Whatsapp toep (app) oop en soek "La Rochelle Gemeente" in jou kontakte.
  - c. Tik jou naam en van in die Whatsapp boodskaplyn.
  - d. Druk "send".
  - a. **OF** indien jy nie bogenoemde proses wil volg nie, klik op die Whatsapp skakel wat jou uitnoui om by ons Whatsapp groep aan te sluit, vind die skakel op Facebook.

**Neem kennis hierdie is 'n Whatsapp wat jy aan ons stuur nie 'n sms nie!**

## BYBELSTUDIE

- Die Bybelstudie wat elke Dinsdagoggend deur ds Willem aangebied word, word nou per Whatsapp na dié groep, asook ander belangstellendes uitgestuur. As jy wil saam luister, volg gerus die volgende stappe:
  - Stuur die woorde: Sluit aan by Bybelstudie - na die gemeente Whatsapp nommer 0608917851.
  - Ons stuur 'n skakel na jou toe en jy klik op die woord "join".
  - Nou is jy deel van die Dinsdag Bybelstudiegroep en sal alle kommunikasie ontvang.

## BEDIENINGE

1. Die **Omgebediening** funksioneer baie gemaklik binne hierdie nuwe bedieningsuitdaging en kon reeds baie mense help. Ons het baie kospakkies en kontant ontvang waarmee ons die wat in nood verkeer kan versorg.
2. **Seniorbediening:** Bybelstudie vind Dinsdagoggende per Whatsapp plaas en diegene wat siek is of in die hospitaal is word telefonies bereik en bemoedig.
3. **Getuienisbediening.** Die getuienisbediening is in verbinding met die sendelinge en instansies wat ons ondersteun. Terugvoer word van hulle ontvang en op die verskeie platforms met die gemeente gedeel. Ons bly toegewy daaraan om hierdie sendelinge en instansies te ondersteun (finansieel en geestelik). Daarom is ons dankbaar dat die gemeente steeds voortgaan om hulle bydraes te maak vir die geloofsofferfonds van die gemeente.
4. **Gebedsbediening:** Die gebedsbediening is dankbaar om 'n gebedstrategie te kon loods in die Covid-19 grendeltyd. Die volgende inisiatiewe is in plek gesit:
  - a. Gebedskalender
  - b. Weeklikse gebedsriglyne
  - c. Weeklikse gebedsbrief
  - d. Die gebedsnoodlyn
  - e. Predikante saambid-geleentheid
5. **Kleingroepe:** 'n Inisiatief is geloods om die gemeente te mobiliseer in virtuele kleingroepe tydens die grendeltyd. Indien enige persoon meer hieroor wil weet of deel van so groep wil wees kontak asb vir Ds Wouter 083 222 6018 of [wouter@larochelle.org.za](mailto:wouter@larochelle.org.za)
6. **Die Vrouebediening** is tans besig om te beplan aan 'n uitreik projek na twee huise by Stiklandhospitaal wat deur dames bewoon word. Meer inligting hieroor en hoe die vroue van die gemeente hierby betrokke kan raak sal later gekommunikeer word.

7. **Jeugbediening:** Die jeug maak gebruik van die DinkJeug Familie Podcast. Hierdeur kan almal in die familie saam gesels bv. Peuters – Gr 6; Gr. 7 – Gr. 10 en Volwassenes. Dit is een platform wat ruimte vir almal maak.

Ons kategete kommunikeer weekliks met ouers per whatsapp, oor hoe die kategetegroep saam gaan reis met behulp van die Familie Podcast. Ons moedig ouers aan om ons kategete te ondersteun en die kinders te begelei met die saam luister en gesels as 'n gesin.

Hoe gaan dit werk?

Peuters – Gr. 10

- Ouers laai die DinkJeug App vir Families af by :

Applestore:

<https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715>

Google play:

<https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en>

OF

<https://soundcloud.com/dinkjeugpodcast/sets>

<https://dinkjeug.co.za/dinkjeug-families/>

- Kategete herinner ouers om Sondag 'n tyd af te spreek en julle ervarings en aktiwiteite op hierdie whatsapp-groep te deel.
- Ouers, spreek 'n tyd af met jou gesin om saam hiermee te reis bv. Sondag 10:00
- Maak beurte om sekere afdelings van die podcast te voltooi bv. Dalk wil julle self die teks lees of saam bid.
- Neem julle aktiwiteit af en deel dit deur dit na die betrokke kategete te whatsapp.
- Ouers van Peuters en Gr. R – lees die teks uit die Kinderbybel. Maak Peuters deel van die aktiwiteite deur hulle te vra om 'n prentjie te teken van iets wat julle as gesin op besluit het. Gee vir kinders werkies en sing 'n Bybelliedjie saam met hulle.

Ons belydenisgroep het tot en met 26 April ook die Podcast gebruik as kategetese materiaal vanaf 10 Mei gaan hulle weer gebruik met van G8 as kategetese materiaal.

8. Die **Finansiëlebediening** gaan voort soos gewoonlik. Baie dankie dat julle getrou is met julle diens aan die Here dmv maandelikse dankoffers en Sondae se offergawes. Ons loof die Here daarvoor. Die gemeente se bankbesonderhede is soos volg: NG Kerk La Rochelle, ABSA Bellville, Rek no: 1450580003, Tak: 523410

## PASTORAAT EN BEGRAFNISSE

1. Predikante is beskikbaar vir pastorale gesprekke.
2. Reëlings rondom begrafnisse tydens Fase 4 van inperking is tans onseker, maar moontlik. Indien daar 'n sterfgeval is, kontak die leraars vir verdere reëlings.

## KERKKANTOOR

1. Die kerkkantoor sal vir die inperkingstyd gesluit wees en alle personeel is by hul huise. Indien jy dringend met een van hulle kontak moet maak, stuur asb. 'n e-pos na [info@nglarochelle.org.za](mailto:info@nglarochelle.org.za) en [nglarochelle@gmail.com](mailto:nglarochelle@gmail.com).

As jy die afgelope tyd **meer as eenkeer dieselfde boodskap ontvang het**, of dalk op verskillende platforms dieselfde boodskap ontvang het, vra ons verskoning. Ons het nie die infrastruktuur om dit te verhoed nie, en probeer ons bes om alle inligting by ons gemeentelede uit te kry.

Almal van ons beleef verskillende emosies oor wat gebeur het, en steeds besig is om te gebeur. Laat ons egter vashou aan die geloof en die hoop wat ons bely. Dit is gewortel en gegrondves in ons Here, Jesus, wat ook die Christus is.

Sterkte van ons as predikantespan en ook die personeel van die kerkkantoor.

Groete in Christus!!